basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## GESKIEDENIS V2

## 2016

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n 14 bladsy-addendum.**

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

### VRAAG 1: HOE HET DIE SUID-AFRIKAANSE STUDENTE-ORGANISASIE (SASO) SWART SUID-AFRIKAANSE STUDENTE IN DIE 1970's BEÏNVLOED OM DIE APARTHEIDSREGIME UIT TE DAAG?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Waarom, volgens die bron, is SASO gestig? Gee TWEE redes. (2 x 1) (2)

1.1.2 Verduidelik die invloed van die Swartbewussynsfilosofie op swart Suid-Afrikaanse studente. (1 x 2) (2)

1.1.3 Definieer die term *Swart Bewussyn* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.4 Hoe, volgens die bron, het Barney Pityana NUSAS beskou? (1 x 2) (2)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Watter rol het Onkgopotse Tiro in die mobilisering van swart Suid-Afrikaanse studente gespeel? (1 x 2) (2)

1.2.2 Verduidelik waarom, na jou mening, SASO besluit het om in die vroeë 1970's die 'hele stelsel van gesegregeerde onderwys' uit te daag. (1 x 2) (2)

1.2.3 Lewer kommentaar op hoe swart Suid-Afrikaanse studente gereageer het nadat Tiro uit die Universiteit van die Noorde se Turfloop-kampus geskors is. (1 x 2) (2)

1.2.4 Verduidelik op watter maniere die SASO-publikasie, *Newsletter*, swart Suid-Afrikaanse studente beïnvloed het. (2 x 2) (4)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Haal TWEE slagspreuke aan wat in die foto getoon word. (2 x 1) (2)

1.3.2 Lewer kommentaar op waarom jy dink sommige van die leerlinge in die foto 'n saluut met 'n gebalde vuis gegee. (2 x 2) (4)

1.3.3 Verduidelik tot watter mate jy die inligting in hierdie bron as bruikbaar sou beskou wanneer die rol wat SASO in die Soweto-opstande gespeel het, bestudeer word. (2 x 2) (4)

1.4 Verwys na Bron 1B en 1C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B die bewyse in Bron 1C ondersteun oor die rol wat SASO in die 1970's in die bewusmaking van swart Suid-Afrikaanse studente gespeel het. (2 x 2) (4)

1.5 Gebruik Bron 1D.

1.5.1 Hoe, volgens die bron, het die verkryging van onafhanklikheid in Angola en Mosambiek die Swartbewussynsbeweging beïnvloed? (1 x 2) (2)

1.5.2 Wie, volgens die bron, was die president van SASO? (1 x 1) (1)

1.5.3 Waarom, dink jy, het Jimmy Kruger besluit om die FRELIMO-saamtrekke te verban wat geskeduleer was om in Durban en Turfloop plaas te vind? (2 x 2) (4)

1.5.4 Noem enige DRIE leiers van SASO/BPC in die bron wat die FRELIMO-saamtrekke georganiseer het. (3 x 1) (3)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe SASO swart Suid-Afrikaanse studente in die 1970's beïnvloed het om die apartheidsregime uit te daag. (8)
**[50]**

**VRAAG 2: WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL MET DIE ONTHULLING VAN MENSEREGTE-SKENDINGS WAT IN DIE APARTHEIDSERA GEPLEEG IS?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Waarom, volgens die bron, is die WVK as 'n belangrike keerpunt in die geskiedenis van Suid-Afrika beskou? (1 x 2) (2)

2.1.2 Verduidelik EEN van die kompromieë wat deur beide groepe aangegaan is met betrekking tot die skending van menseregte wat in die apartheidsera gepleeg is. (1 x 2) (2)

2.1.3 Definieer die volgende terme in jou eie woorde:

(a) Herstellende geregtigheid (1 x 2) (2)

(b) Vergeldende geregtigheid (1 x 2) (2)

2.1.4 Noem enige DRIE mandate van die Waarheids-en-Versoeningskommissie. (3 x 1) (3)

2.1.5 Verduidelik, in jou eie woorde, waarom Dullah Omar in sy 1994-verklaring na die woord 'waarheid' verwys het. (1 x 2) (2)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Hoe, volgens die bron, het die Bongolethu Drie gesterf? (1 x 2) (2)

2.2.2 Verduidelik hoe die getuienis van die ooggetuie en die polisie oor die dood van die Bongolethu Drie verskil het. (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer Bron 2C.

2.3.1 Volgens die spotprent, wie het die Waarheids-en-Versoeningskommissie as 'n 'heksejag' beskou? (1 x 1) (1)

2.3.2 Noem enige TWEE menseregteskendings, soos dit in die bron uitgebeeld word, wat die Nasionale Party wou wegsteek. (2 x 1) (2)

2.3.3 Verduidelik waarom, na jou mening, die Nasionale Party die 'menseregteskendings' wou toesmeer. (2 x 2) (4)

2.3.4 Lewer kommentaar op die woorde in die spotprent, 'DIE TRUUK IS OM SO HARD TE SKREE DAT ONS SOOS SLAGOFFERS SAL LYK', in die konteks van menseregteskendings wat in die apartheidsera gepleeg is. (1 x 2) (2)

2.4 Vergelyk Bron 2A en 2C. Verduidelik hoe die inligting in hierdie bronne verskil met betrekking tot die rol van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) in die hantering van menseregteskendings. (2 x 2) (4)

2.5 Bestudeer Bron 2D.

2.5.1 Gee TWEE redes, soos in die bron voorgestel, waarom dit nodig was om die verlede te onthou. (2 x 1) (2)

2.5.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die onthou van die verlede tot nasiebou kon bygedra het. (2 x 2) (4)

2.5.3 Verduidelik die bruikbaarheid van die inligting in die bron vir 'n historikus wat die WVK bestudeer. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik of die Waarheids-en-Versoeningskommissie suksesvol was met die onthulling van menseregteskendings wat in die apartheidsera gepleeg is. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: HOE HET DIE OORHEERSING VAN WÊRELDKAPITALISME IN DIE 1980's DIE LEWENS VAN GEWONE AFRIKANE BEÏNVLOED?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Waarom, volgens die bron, is daar na die 1980's as die 'verlore dekade' verwys? (1 x 2) (2)

3.1.2 Identifiseer DRIE redes in die bron waarom Afrikaregerings nie behoorlike openbare dienste in stand kon hou nie. (3 x 1) (3)

3.1.3 Verduidelik die impak wat onderpresterende Afrika-ekonomieë op staatsdienswerkers gehad het. (2 x 2) (4)

3.1.4 Noem die eerste Afrikaland wat 'n lening vir strukturele aanpassing by die Wêreldbank gekry het. (1 x 1) (1)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Definieer die term *programme vir strukturele aanpassing* in die konteks van wêreldkapitalisme. (1 x 2) (2)

3.2.2 Verduidelik hoe die implementering van die programme vir strukturele aanpassing tot die verarming van die werkersklas in ontwikkelende lande aanleiding gegee het. (2 x 2) (4)

3.2.3 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van die inligting in hierdie bron vir 'n historikus wat die uitwerking van die programme vir strukturele aanpassing op gewone Afrikaburgers bestudeer. (2 x 2) (4)

3.3 Lewer kommentaar op hoe die inligting in Bron 3A en 3B mekaar ondersteun met betrekking tot die implementering van die programme vir strukturele aanpassing in Afrika. (2 x 2) (4)

3.4 Raadpleeg Bron 3C.

3.4.1 Gebruik die inligting in die spotprent en jou eie kennis en verduidelik wat jy verstaan onder die byskrif, 'DIE IMF SE VERSLANKINGSPLAN: KYK HOE SMELT DIE GEWIG WEG ..!'. (1 x 2) (2)

3.4.2 Watter boodskappe word in RAAMPIE 1 van die bron oorgedra? Gebruik die visuele bewyse in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

3.4.3 Verduidelik die impak van die IMF se verslankingsplan op die ekonomiese behoeftes van gewone mense wat in ontwikkelende lande woon, soos in RAAMPIE 2 getoon. (2 x 2) (4)

3.4.4 Hoe, volgens RAAMPIE 3, het die IMF se verslankingsplan gewone Afrikane wat in ontwikkelende lande woon, beïnvloed? (1 x 2) (2)

3.5 Lees Bron 3D.

3.5.1 Lewer kommentaar op UNICEF se sienings oor die programme vir strukturele aanpassing in Afrika. (2 x 2) (4)

3.5.2 Noem TWEE negatiewe uitwerkings van die implementering van programme vir strukturele aanpassing op die mense van Afrika. (2 x 1) (2)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die oorheersing van wêreldkapitalisme in die 1980's die lewens van gewone Afrikane beïnvloed het. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel behoort ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

**VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's**

In die 1980's het PW Botha se regering onversetlike hervormingsmaatreëls ingestel wat met massagebaseerde interne weerstand deur progressiewe nierassige organisasies begroet is.

Is dit 'n akkurate assessering van hoe gebeure in die 1980's ontvou het? Ondersteun jou argument met relevante historiese bewyse. **[50]**

**VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE**

Daar was nooit 'n moontlikheid dat die oorgang na demokrasie in Suid-Afrika maklik sou wees nie. Die hoop en optimisme wat Nelson Mandela in 1990 met sy vrylating uit die tronk begroet het, het gou tot 'n einde gekom soos wat die werklikheid om 'n nuwe toekoms vir Suid-Afrika te beding in alle erns begin het.

Bespreek hierdie stelling krities in die konteks van die onderhandelingsproses wat tussen 1990 en 1994 in Suid-Afrika plaasgevind het. **[50]**

**VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989**

Verduidelik tot watter mate die ineenstorting van die Sowjetunie in 1989 tot grootskaalse politieke veranderinge in Suid-Afrika bygedra het.

Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## GESKIEDENIS V2

## 2016

## ADDENDUM

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou* 

## VRAAG 1: HOE HET DIE SUID-AFRIKAANSE STUDENTE-ORGANISASIE (SASO) SWART SUID-AFRIKAANSE STUDENTE GEDURENDE DIE 1970's BEÏNVLOED OM DIE APARTHEIDSREGIME UIT TE DAAG?

### BRON 1A

Die bron hieronder skets in hooftrekke die redes vir die stigting van die Suid-Afrikaanse Studente-organisasie (SASO) in 1968.

Die Suid-Afrikaanse Studente-organisasie (SASO) is in 1968 gestig nadat sommige lede van die Universiteit van Natal se Swart Kampus Verteenwoordigende Studenteraad (SR) besluit het om van die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (NUSAS) weg te breek. NUSAS was 'n liberale organisasie wat deur wit studente oorheers is. Toe dit in 1924 gestig is, was dit 'n uitsluitlik wit studenteliggaam wat wit studente se belange verteenwoordig het. Wit lede het in die 1960's simpatiek gestaan teenoor die swart studente se saak. Gevolglik het swart studente se lidmaatskap begin toeneem. Baie van hierdie studente, waarvan die meeste aan die Universiteit van Natal verbonde was, het toenemend ontevrede geraak met die onvermoë van NUSAS om aan diep rassistiese strukture en beleide van beide die regering en universiteite aandag te skenk. Die besluit om weg te breek van NUSAS is ook grootliks gemotiveer deur die verskyning van die filosofie van Swartbewussyn (SB) wat deur Steve Bantu Biko begin is.

Die Swartbewussynsbeweging (SBB) wat Biko gestig het, het die idee verwerp dat wit mense 'n rol in die bevryding van swartes kon speel. 'Die hoofsaak was om swart mense te kry om oor hul eie stryd te praat en om die wit liberale bestel te keer om aan mense te wil voorskryf,' het Barney Pityana (lid van die Swartbewussynsbeweging) gesê. Biko en sy kollega het gevoel dat swartes moes leer om namens hulself te praat. Soos Pityana onthou, 'was NUSAS vir wit studente juis 'n lekker gesellige klub, nog 'n speletjie wat jy gespeel het terwyl jy op universiteit is. Daarna het jy dit ontgroei.'

[Uit http://www.sahistory.org.za/.
Toegang op 8 September 2015 verkry.]

**BRON 1B**

Hierdie bron verduidelik hoe SASO swart Suid-Afrikaanse studente beïnvloed het om die beleid van die apartheidsregime gedurende die 1970's uit te daag.

Die relatiewe vreedsaamheid van kampuslewe is in 1972 verwoes. Protes het in die vorige jare gebroei, maar 'n toespraak wat Onkgopotse Tiro in April 1972 by 'n gradeplegtigheid van die Universiteit van die Noorde (Turfloop) gelewer het, het studente-ontevredenheid na vore gebring. Tiro, 'n gewese president van die Verteenwoordigende Studenteraad (SR) en 'n SASO-aktivis, het die geleentheid gebruik om die universiteitsowerhede aan te val oor die apartheidsmaatreëls wat op die kampus beoefen is (afsonderlike sitplekke by dié seremonie ingesluit) en die hele stelsel van gesegregeerde onderwys.

Onkgopotse Tiro en baie ander lede van die studenteliggaam is geskors. Dit het gevolglik aanleiding gegee tot die boikot van lesings. Dit was die grootste landwye betoging wat ooit deur swart studente gehou is en 'n teken van dinge wat aan die kom was. SASO se lidmaatskap was in 1973 'n beraamde 6 000, alhoewel die aantal toegewyde aktiviste onder hulle minder was. SASO-publikasies, in besonder sy *Newsletter,* en dié van ander Swartbewussyns(SB)-organisasies is wyd deur studente en ander swart gemeenskappe gelees, en dit het 'n intellektuele en ideologiese beroering (opskudding) aangemoedig wat vir dekades ongekend was. Die filosofie van Swart Bewussyn het na swart skole versprei, wat 'n kritieke ontwikkeling was. 'n Aantal onderwysers wat op swart kampusse opgelei is, het na skole teruggekeer en die SB-boodskap versprei.

[Uit *The Rise And Fall Of Apartheid* deur D Welsh]

**BRON 1C**

Die foto hieronder toon lede van die Suid-Afrikaanse Studente-organisasie (SASO) wat op 16 Junie 1976 in Soweto teen die gebruik van Afrikaans as onderrigtaal betoog het.




[Uit http://www.google.com history. africamediaonline.com/exhibit/ Soweto-riots/gRZOEihk?hl=en. Toegang op 14 Februarie 2016 verkry.]

**AFRIKAANS MOET AFGESKAF WORD**

**VANDAG IS DIE BEGRAFNIS VAN BOERE*-TAAL**

***Boere: 'n Afbrekende woord wat gebruik is vir wit Afrikaners**

**BRON 1D**

Die bron beskryf in hooftrekke hoe die apartheidsregime in die 1970's op SASO gereageer het.

Gebeure in die Portugese kolonies Angola en Mosambiek het 'n radikaliserende (militante) uitwerking op die Swartbewussynsbeweging (SBB) gehad. Die onafhanklikheid van hierdie gebiede het 'n belangrike verandering in die politiek van suidelike Afrika aangekondig. Vir studente in Suid-Afrika in besonder het dit 'n nuwe begin aangekondig. As Portugese kolonialisme verslaan kon word, kon dieselfde met setlaar-kolonialisme in Suid-Afrika gebeur. 'n Idee van die SASO-president van daardie tyd, Muntu Myeza, was om saam met die oorwinnaars in Mosambiek fees te vier. Vandaar die idee van 'n FRELIMO-saamtrek wat daarop gemik was om weer lewe in die SBB te blaas. Die Minister van Justisie, Jimmy Kruger, het 'n verbod op die saamtrek geplaas wat vir 25 September 1974 beplan was.

Daar was reeds baie publisiteit en die beeld van die SBB was in gedrang. Op die dag van die saamtrek het mense in groot getalle in Durban en Turfloop (Limpopo) opgedaag. In Durban het Myeza, wat eintlik gekom het om die saamtrek stop te sit, begin om die singende skare te beïnvloed. Myeza het saam met hulle begin sing en die polisie het die skare uiteen gejaag. Arrestasies het gevolg en baie aktiviste is saam met Myeza in hegtenis geneem, waaronder Zithulele Cindi, Saths Cooper, 'Terror' Lekota, Aubrey Mokoape, Strini Moodley en Nkwenkwe Nkomo.

By die Turfloop-kampus het slagspreuke op plakkate naby die ingang en op verskillende geboue op die perseel verskyn. Die polisie het Turfloop se SR-president, Kaborane 'Kaunda' Sedibe, en sy voorganger, Pandelani Nefolovhodowe, gearresteer. Albei is by die lys SASO-leiers gevoeg wat gevolglik volgens die Wet op Terrorisme aangekla is. Die verhoor van die SASO-nege, wat lede van SASO en die BPC (Swartmense se Konvensie) was, was verantwoordelik vir die aanhits tot onluste, soos die organisering van die Viva FRELIMO-saamtrekke wat vir sewentien maande voortgeduur het. In plaas van die onderdrukking van swart opposisie, het dit eerder aan SBB-leiers 'n platform gebied om hul ideologie te verkondig.

[Uit *The Road To Democracy In South Africa*, *Vol. 2* deur MV Mzamane et al.]

**VRAAG 2: WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL MET DIE ONTHULLING VAN MENSEREGTE-SKENDINGS WAT IN DIE APARTHEIDSERA GEPLEEG IS?**

**BRON 2A**

Hierdie uittreksel fokus op die redes vir die stigting van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) in die 1990's.

Die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) was 'n belangrike keerpunt in die geskiedenis van Suid-Afrika. Dit was 'n produk van die onderhandelingsproses wat daarop gemik was om aan meer as 300 jaar van kolonialisme en apartheid 'n einde te bring, wat tot die instelling van 'n tussentydse grondwet aanleiding gegee het, wat vir demokrasie, menseregte en die oppergesag van die reg voorsiening gemaak het. Aangesien daar nie 'n 'algehele wenner' was in die konflik wat tot die beëindiging van apartheid gelei het nie, moes kompromieë aan beide kante aangegaan word. Een van die kompromieë waarop daar in hierdie skikking ooreengekom is, was dat amnestie toegestaan sou word aan diegene wat menseregte geskend het. Dus is herstellende geregtigheid eerder as vergeldende geregtigheid gekies as 'n manier om versoening in die toekoms teweeg te bring.

Die WVK is by wyse van die Wet op Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening van 1995 gestig. Die mandaat van die kommissie was om getuienis aan te hoor, aan te teken en, in sommige gevalle, amnestie toe te staan aan oortreders vir misdade wat met menseregteskendings, reparasies en rehabilitasie verband gehou het.

Dullah Omar, die Minister van Justisie in 1994, het gesê: 'Indien die wonde van die verlede genees moet word, indien menigvuldige regstappe vermy moet word, indien toekomstige menseregteskendings vermy moet word en inderdaad, indien ons 'n menseregtekultuur suksesvol wil begin bou, dan is onthulling van die waarheid en die erkenning daarvan noodsaaklik ... Die fundamentele saak vir alle Suid-Afrikaners is dus om ons verlede op die enigste moontlike morele grondslag te aanvaar, naamlik dat die waarheid vertel word, en dat die waarheid erken word.'

Uit http://www.truthintranslation.org/educational_materials.pdf.
Toegang op 10 September 2015 verkry.]

**BRON 2B**

Hieronder is getuienis by die Waarheids-en-Versoeningskommissie-verhoor wat op 18 Junie 1996 gehou is. Dit bevat inligting oor die Bongolethu Drie wat gruwelike menseregteskendings beskryf wat die apartheid-veiligheidspolisie in 1985 teen politieke aktiviste gepleeg het.

**Slagoffers: Die Bongolethu-drie**

Fezile Hanse – 14 jaar oud
Andile Majola – 13 jaar oud
Patrick Madikane – 14 jaar oud

Die bogenoemde drie kinders is op 17 Junie 1985 deur die polisie doodgeskiet. Die skietery het by die huis van 'n swart veiligheidspolisieman, Mngoma, plaasgevind.

'n Ooggetuie, Mzukisi Mooi, het die gebeure soos volg beskryf:
'Mense het geglo dat Mngoma se huis leeg was. 'n Ander seun met 'n rooi trui het na die voordeur gegaan. Die volgende oomblik het ek 'n skoot hoor afgaan. Skote is aanhoudend gevuur. Ek het 'n klein seuntjie naby die hek sien lê. Ek het 'n meisie gesien wat oor die straat gekruip het. Die volgende oomblik het polisiemanne uit die huis gekom. Een polisieman het aangehou om op die skare te vuur. Een van die polisiemanne het 'n houer met petrol uit die huis gebring en in 'n Fanta-bottel gegooi. Hy het dit toe naby die liggaam van die een kind geplaas.'

Die polisiemanne het hierdie weergawe ontken. Hulle het gesê dat hulle uit selfverdediging opgetree het nadat 'n skare die township-huis wat hulle bewaak het, aangeval het. Die polisieman het getuig dat een van die jeugdiges petrol op die mat van die huis gesprinkel het. Die ander een het vuurhoutjies by hom gehad en in 'n poging om te keer dat hy die vuurhoutjie trek, het die polisieman in beheer die kind geskiet. Die ander twee kinders is geskiet terwyl die polisie teen die skare wat buite die huis begin saamdrom het, baklei het. Die polisiemanne was saam met ander mans besig om die meubels van die swart veiligheidspolisieman te verwyder omdat hy nie in die woonbuurt kon woon nie.

[Uit http://sabctrc.saha.org.za/documents/hrvtrans/alexandra/54910.htm.
Toegang op 10 September 2015 verkry.]

**BRON 2C**

Hierdie spotprent deur Zapiro het op 25 Julie 1995 in die *Sowetan* verskyn. Dit beeld die menseregteskendings uit wat deur die Nasionale Party (NP) gepleeg is terwyl hulle aan bewind was.




[Uit http://truth.wwl.wits.ac.za/cat_descr.php?cat=2.
Toegang op10 September 2015 verkry.]

**MARTELING**

**MOORDBENDES**

**STAATS-TERRORISME**

**AANGEHOUDENES VERMOOR**

**MENSE WAT OM POLITIEKE REDES GEHANG IS**

**VERBANNINGS**

**DIE LAASTE VUIL TRUUK?**

**DIE WAARHEIDSKOMMISSIE IS 'N HEKSEJAG!**

**DIE TRUUK IS OM SO HARD TE SKREE DAT ONS SOOS DIE SLAGOFFERS BEGIN LYK!**

**BRON 2D**

Die volgende uittreksel is in November 1999 deur Charles Villa-Vicencio van die Instituut vir Geregtigheid en Versoening geskryf. Dit fokus op die proses van genesing wat die WVK gehoop het om teweeg te bring.

Ons onthou in die hoop dat ons nie die gruweldade (moorde) van die verlede sal herhaal nie. Maar ons onthou hoofsaaklik omdat ons nie, terwyl die verlede nog onopgelos is, sy gees kon besweer nie. Die woorde van Rebecca Hanse, 'n familielid van Fezile Hanse wat op 17 Junie 1985 saam met Andile Majola en Patrick Madikane deur onlustepolisie doodgeskiet is in Bongolethu, 'n swart township aan die buitewyke van Oudtshoorn, is ter sake: 'Ons moet die beendere van ons kinders bewaar totdat hulle in vrede kan rus. Ons kan nie vergeet nie. Ons moet ons kinders lewendig hou. Hulle was nie gereed om te sterf nie. Daar is nog baie vir hulle om te doen. Ons is nie gereed om van hulle afskeid te neem nie. Miskien sal daar 'n tyd kom wanneer hul beendere in vrede sal rus. Mettertyd sal die verlede hopelik nie meer op so 'n pynlike manier met ons wees soos wat dit tans is nie.'

Waarom onthou ons? Die nasie word laastens gevra om te onthou ter wille van diegene wat ly. Dit is 'n manier om die waardigheid van slagoffers en oorlewendes te herstel deur seker te maak dat hul lyding nie ongesiens verbygaan nie. Dit is om aan slagoffers en oorlewendes te sê: 'Julle lyding is deel van ons genesing as 'n nasie. Ons onthou julle.'

... Reguit gestel. Tensy die Suid-Afrikaanse eksperiment met genesing nie net slagoffers en oorlewendes van die apartheidsjare bereik nie, maar ook die versteende harte genees van diegene wat direk skuldig is aan die pleeg van gruwelike menseregteskendings, asook die ander ondersteuners van apartheid, sal die genesingsproses wat plaasvind waarskynlik onvoltooid wees. Dit sal 'n groot tragedie vir 'n nasie wees wat so ongelooflik goed gedoen het in hul soeke om hulself op so baie ander maniere te genees.

[Uit *On Unchopping of a Tree: A South African Experiment In Healing* deur C Villa-Vicencio]

## VRAAG 3: HOE HET DIE OORHEERSING VAN WÊRELDKAPITALISME IN DIE 1980's DIE LEWENS VAN GEWONE AFRIKANE BEÏNVLOED?

### BRON 3A

Hierdie bron fokus op waarom Afrikalande lenings vir strukturele aanpassing van internasionale finansiële instellings verkies het.

Afrika se ekonomiese agteruitgang in die 1980's was so kwaai, dat dit as die 'verlore dekade' bekend geword het. In een land na die ander het die lewenspeil afgeneem. Die meeste Afrikane was teen die 1980's so arm of armer as wat hulle teen onafhanklikheid was. Afrika-regerings was verlam deur skuld, wanbestuur en die ineenstorting van belastinginkomste en kon nie meer bekostig om behoorlike staatsdienste in stand te hou nie.

Paaie, spoorweë, water, krag en telefoonstelsels het agteruit gegaan; skole, universiteite en hospitale het te min fondse ontvang; wetenskaplike instellings en statistiekkantore het vroeë slagoffers geword. Op elke vlak het die vermoë van regerings om te funksioneer, vinnig verswak. 'n Drastiese erosie (verlies) van die salarisse van staatsamptenare het dit wat oor was van die moreel (selfvertroue), eerlikheid en doeltreffendheid van staatsamptenare vernietig; die koopkrag van die staatsamptenare in Tanzanië, byvoorbeeld, het tussen 1969 en 1985 in reële terme met 90 persent gedaal. Duisende gekwalifiseerde staatsamptenare het bedank. Die kundigheidsverlies in Afrika het vaart gekry …

… Afrikastate, wat nie plaaslik fondse kon insamel nie en deur buitelandse handelsbanke weggewys is, het verkies om deur die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) en die Wêreldbank gered te word. In werklikheid het Westerse donateursinstellings as Afrika se bankiers oorgeneem. Senegal het in 1979 die eerste Afrikastaat geword om 'n lening vir 'strukturele aanpassing' by die Wêreldbank te verkry.

[Uit: *The State Of Africa: A History Of Fifty Years Of Independence* deur M Meredith]

**BRON 3B**

Hierdie bron beklemtoon die uitwerking van die implementering van programme vir strukturele aanpassing op gewone mense in Afrika.

Afrikaregerings is aangemoedig om beheer oor buitelandse handel en betalings te verminder of af te skaf, hulle geldeenhede te devalueer, plaaslike prysbeheer tot niet te maak, regeringsbesteding en -indiensneming te verminder en hulself van produktiewe bates en ondernemings te onttrek. Die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) en die Wêreldbank het ontwikkelende lande oorreed om korttermyn-betalingsbalanskrediet aan te gaan sodat programme vir strukturele aanpassing aangeneem kon word.

Die skielike vermindering van regeringsbesteding en werkverskaffing het gelei tot afnames in algehele vlakke van inkomste en werkverskaffing en programme vir strukturele aanpassing het Afrika-ekonomieë, wat reeds deur die krisis van die 1970's verswak was, hard getref. Devaluasie (van geldeenhede) het gelei tot 'n skerp daling in reële inkomste, veral vir stedelike bevolkings wat afhanklik was van invoere vir basiese noodsaaklikhede soos voedsel en brandstof ...

Beleide oor handelsvryheid (om markte oop te stel vir handel) het die voordeel van duur en grootliks oneffektiewe beheermaatreëls gehad, maar Afrika-vervaardigers was swak toegerus om toenemende mededinging deur goedkoop buitelandse goedere te hanteer. Disinvestering van regeringseiendom het dikwels slegs beteken dat bates en besighede aan lede van die regeringselite as private individue oorgedra is …

Kritici het aangevoer dat programme vir strukturele aanpassing landelike armes en die arbeidersklas verder verarm het. Byvoorbeeld, die vrymaking van markte, onttrekking van subsidies en devaluering van plaaslike geldeenhede het voedselpryse laat styg, terwyl die bevriesing van salarisse en afdankings mense se vermoë om die uitwerking te weerstaan, ondermyn het. Druk op regerings om begrotings te balanseer en fiskale dissipline te handhaaf, het besnoeiing op maatskaplike besteding meegebring. Die gevolglike besnoeiings en die instelling van verbruikersfooie vir gesondheid- en onderwysdienste wat deur die regering verskaf word, is 'n groot las vir armes en het tot 'n afname in lewensgehalte, swakker gesondheid en hoër sterftesyfers gelei. Pasiënte moes verbruikersfooie vir al hoe meer basiese gesondheidsdienste betaal, wat kinderinentings en Vigs-toetse ingesluit het.

[Uit *Africa* deur P Martin en P O'Meara]

**BRON 3C**

Die spotprent deur PJ Polyp het op sy blog verskyn. Dit wys die uitwerking van programme vir strukturele aanpassing op ontwikkelende lande. Die publikasiedatum van die spotprent is onbekend.




**DIE IMF SE VERSLANKINGSPLAN:**

[Uit https://www.google.com/search?q=history+polyp+structural+adjustment+ plans+cartoon. Toegang op 15 Okt. 2015 verkry.]

**RAAMPIE 1:**
**Dit was ek – ses maande gelede – tot my regering my oortuig het om die nuwe IMF-verslankingsplan te probeer ...**

**RAAMPIE 2:**
**IMF-verslankingsplan (met markkragte bygevoeg)**

**Gesondheidsorg**

**Voedselsubsidies**

**Plaaslike behoeftes/boerdery**

**Dis maklik om gewig te verloor met die IMF se unieke kaloriebeperkte formule vir strukturele aanpassing™...!**

**RAAMPIE 3:**
**Maar moenie sommer net my woord daarvoor vat nie – probeer dit en kyk self!**

**– KYK HOE SMELT DIE GEWIG WEG ...!**

**BRON 3D**

Die artikel deur C Lopes is getiteld 'Are Structural Adjustment Programmes an Adequate Response to Globalization' ('Is programme vir strukturele aanpassing 'n gepaste reaksie op globalisering'). Die artikel fokus op of hierdie programme effektief was om aandag aan ekonomiese onstabiliteit in Afrika te gee.

Menings verskil oor of die programme vir strukturele aanpassings (PSA's) doeltreffend was. Die ondersteuners van die programme, veral die Wêreldbank en Internasionale Monetêre Fonds, het tot onlangs daarop aangedring dat die program 'n effektiewe meganisme is om ekonomiese verval teen te werk. In 'n beleidsnavorsingsverslag het die Wêreldbank 'n rooskleurige prentjie van programme vir strukturele aanpassing geskets. Ironies genoeg het dieselfde verslag erken dat geen Afrikaland 'n bestendige makro-ekonomiese beleid bereik het nie, en 'n versnelling in die implementering van PSA's op 'n deegliker manier voorgestel …

Daar is baie kritiek teen PSA's. Volgens die Verenigde Nasies se Kinderfonds (UNICEF)-verslag, het die meeste van die 26 lande wat bestudeer is, agteruit gegaan ten opsigte van hulle kapitale groei, maatskaplike belegging, direkte buitelandse beleggings en nywerheids- en uitvoergroei …

Terwyl baie Afrikalande in die 1990's onder streng voorwaardes (voorwaardes wat deur internasionale finansiële instellings aan Afrikalande gestel is om vir lenings te kwalifiseer) wat deur die Wêreldbank en Internasionale Monetêre Fonds ingestel is, besig was om hulle 'gemaak-vir-Afrika'-aanpassingsprogramme aan te pas, het die wêreld voortgegaan om globalisering en ekonomiese integrasie te aanvaar. Globale integrasie en programme vir strukturele aanpassing (PSA's) het mekaar wedersyds versterk, omdat die aanvaarding van hervormingsmaatreëls weer die dryfveer na toenemende ekonomiese interafhanklikheid aangemoedig het en tot groter armoede onder ontwikkelende lande gelei het. Alhoewel globalisering nou 'n onomkeerbare krag is, is daar aanduidings dat die voordele daarvan ongelyk groei, wat lei tot ongelyke verdeling van inkomste tussen die rykes en armes. PSA's se onvermoë om so 'n neiging teen te staan en om ander newe-effekte van globalisering te verminder, word wyd veroordeel.

[Uit www.uneca.org/sites/default/files…/pdf/structural_adjustment.pdf:
Toegang op 30 September 2015 verkry.]

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

http:/sabctrc.saha.org.za/documents/hrvtrans/Alexandra/54910.htm

http://truth.wwl.wits.ac.za/cat_descr.php?cat=2

http://www.google.com history. africamediaonline.com/exhibit/Soweto-riots/gRZOEihk?hl=en

https://www.google.com/search?q=history+polyp+structural+adjustment+plans+cartoons

http://www.sahistory.org.za/

http://www.truthintranslation.org/educational_materials.pdf

www.uneca.org/sites/default/files…/pdf/structural_adjustment.pdf

Martin PM and O'Meara P. 1995. *Africa* (Indiana University Press London)

Meredith, M. 2006. *The State of Africa: A History of Fifty Years of Independence* (Simon and Schuster: London)

Mzamane, MV et al. 1970–1980. *The Road to Democracy in South Africa*

Villa-Vicencio, C. 1999. *On Unchopping of a Tree: A South African Experiment in Healing*

Welsh, D. 2010.*The Rise and Fall of Apartheid* (Jonathan Ball Publishers, Cape Town)

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**GESKIEDENIS V2**

**2016**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 22 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

**1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

**1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2, of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.
  Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf
  ______________________________________•______________________________
  ______________________________________________________•____________
  ___________________________•___________________________________________
  ✓✓✓✓✓
  Vlak 2
  Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv. 32/50

- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

**2.4 Assesseringsprosedures van die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie **Λ**
- Verkeerde stelling __________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√

**2.5. Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| AANBIEDING<br>INHOUD | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7**<br>Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | **47–50** | **43–46** | | | | | |
| **VLAK 6**<br>Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | **43–46** | **40–42** | **38–39** | | | | |
| **VLAK 5**<br>Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | **38–39** | **36–37** | **34–35** | **30–33** | **28–29** | | |
| **VLAK 4**<br>Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | **30–33** | **28–29** | **26–27** | | |
| **VLAK 3**<br>Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | **26–27** | **24–25** | **20–23** | |
| **VLAK 2**<br>Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | **20–23** | **18–19** | **14–17** |
| **VLAK 1***<br>Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | **14–17** | **0–13** |

### *Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET DIE SUID-AFRIKAANSE STUDENTE ORGANISASIE (SASO) SWART SUID-AFRIKAANSE STUDENTE GEDURENDE DIE 1970'S BEÏNVLOED OM DIE APARTHEIDSREGIME UIT TE DAAG?

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- NUSAS was 'n liberale organisasie wat gedomineer is deur blanke Suid-Afrikaanse studente
- Swart Suid-Afrikaanse studente het toenemend ontevrede geraak met NUSAS se onvermoë om diep rassistiese strukture en beleide van beide die regering en universiteite aan te spreek
- Hulle is gemotiveer deur die opkoms van die Swartbewussynsfilosofie

(enige 2 x 1) (2)

1.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Dit het hulle geleer om onafhanklik van blanke Suid-Afrikaanse studente te wees
- Dit het hulle geleer om die inisiatief te neem en in hulself te glo sodat die omstandighede verander kon word
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.1.3 *[Verduideliking van 'n histories konsep uit Bron 1A – V1]*
- 'n Filosofie wat 'n voorstander is van selfstandigheid, selfhandhawing, sielkundige vryheid en trots onder Swart Suid-Afrikaners
- 'n Filosofie waarvan Steve Biko en ander aktiviste voorstanders was sodat swart Suid-Afrikaners onafhanklik van ander rasse rakende die stryd vir gelykheid en geregtigheid kan wees
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Pityana het gevoel dat NUSAS 'n lekker vriendelike klub was, net nog 'n speletjie wat jy speel terwyl jy by die universiteit is/het nie van NUSAS gehou nie as gevolg van die tekort aan deursigtigheid rakende studente ongelukkigheid (1 x 2) (2)

1.2

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Tiro het studente gemobiliseer deur hulle ontevredenheid na vore te bring

(1 x 2) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- SASO wou transformasie in die onderwyssisteem hê sodat swart Suid-Afrikaanse studente gelyke opvoeding ontvang
- SASO wou die praktyk van Bantoe onderwys wat die grondslag was van aparte opvoeding, beëindig
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Studente het klasse geboikot
- Studente het landswyd protesteer
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Die publikasie het die denke van swart studente bemagtig sodat hulle krities kon dink oor die onderdrukkende politieke sisteem van daardie tyd
- SASO se *'Newsletter'* het 'n intellektuele en ideologiese gesprek onder swart Suid-Afrikaners aangemoedig
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.3
1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Afrikaans moet afgeskaf word
- Vandag is die begrafnis van die Boere Taal (2 x 1) (2)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Dit demonstreer die gees van weerstand/uitdaging teen Bantoe-onderwys
- Dit was 'n simbool van swartmag wat apartheid/Bantoe-onderwys teengestaan het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3.3 *[Evaluering van die bruikbaarheid van Bron 1C – V3]*
**Die Bron is tot 'n groot mate bruikbaar omdat**:
- Dit gee visuele bewyse oor hoe SASO studente beïnvloed het om aan die Soweto-opstand deel te neem
- Dit nuwe slagspreuke toon wat gebruik is wat deur SASO geinspireer is
- Dit toon hoe SASO studente gemobiliseer het teen Afrikaans as onderrigmedium en studente met gebalde vuiste saluut
- Dit toon die ontevredenheid met apartheidsimbole
- Enige ander relevante antwoord

**OF**

**Die Bron is tot 'n minder mate bruikbaar omdat:**
- Dit net een visuele bron is van die Soweto-opstand en tog was SASO verantwoordelik vir die mobilisering van meeste studente in Soweto
- Daar kon vir die foto geposeer wees
- Dit wys slegs 'n aantal studente – dit wys nie die volle prentjie van die optog nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4 *[Vergelyking van bewyse van die geskrewe en visuele Bronne 1B en 1C – V3]*
- **Bron 1B** wys dat SASO aandadig was aan die organisering van die klasboikotte aan die Universiteit van die Noorde (Turfloop Kampus) teen aparte onderwys van swart Suid-Afrikaanse studente, terwyl **Bron 1C** wys hoe swart Suid-Afrikaanse studente klasse boikot teen die Afrikaanse taal wat deur SASO-leiers en aktiviste as 'n groot aanhangsel van Bantoe onderwys beskou is

- **Bron 1B** vermeld dat die idees van Swartbewussyn tussen die jeug in swart Suid-Afrikaanse skole versprei het wat hulle inspireer om die beleid van Bantoe onderwys uit te daag, terwyl **Bron 1C** die tartende gemoed onder swart Suid-Afrikaanse studente gedurende die Soweto-opstand wys wat die beleid van Bantoe onderwys uitgedaag het.
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.5

1.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- Het 'n radikale uitwerking op die Swartbewussynsbeweging
- Die onafhanklikheid van die twee lande het die leiers en aktiviste van SBB geïnspireer wat besef het dat dit moontlik was om die onderdrukkende sisteem van die apartheidsregime in Suid-Afrika te verslaan.
- Vir die swart Suid-Afrikaanse studente het dit 'n nuwe begin aangedui vir die vryheidstryd teen die apartheidsregime
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- Muntu Myeza (1 x 1) (1)

1.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Die saamtrek het swart Suid-Afrikaners geïnspireer om die regering omver te werp
- Die saamtrek sou die ondersteuning onder die lede van die Swartbewussynsbeweging laat toeneem/ verkry publisiteit
- Kruger het gevoel dat FRELIMO met kommunisme geassosieer word
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.5.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- Muntu Myeza
- Zithulele Cindi
- Saths Cooper
- Mosiuoa (Terror) Lekota
- Aubrey Mokoape
- Strini Moodley
- Nkwenkwe Nkomo
- Kaborane 'Kaunda' Sedibe
- Pandelani Nefolovhodowe (enige 3 x 1) (3)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante Bronne – V3]*
Kandidate se antwoorde kan die volgende aspekte insluit:

- SASO het swart Suid-Afrikaanse studente georganiseer om die beleid van die apartheidsregime uit te daag (Bron 1A)
- SASO het swart Suid-Afrikaners aangemoedig om onafhanklik van blanke Suid-Afrikaners op te tree (Bron 1A en 1D)
- SASO was aandadig in die verspreiding van die idees van Swartbewussyn onder swart Suid-Afrikaners (Bron 1A)
- SASO leiers Tom Manthata, Fanyana Mazibuko en Aubrey Mokoena het die onderdrukkende aard van die Bantoe-onderwysstelsel blootgestel (Bron 1B en eie kennis)
- SASO leiers en aktiviste was aanmatigend en toon selfvertroue om die apartheidsregime uit te daag (Bron 1B en eie kennis)
- SASO het swart Suid-Afrikaanse onderwysers aangemoedig om die idees van Swartbewussyn onder hul studente te versprei (eie kennis)
- Sommige leiers van SASO het die gang van gebeure beïnvloed wat aanleiding gegee het tot die Soweto-opstand van 1976 (Bron 1C en eie kennis)
- SASO beplan en organiseer saamtrekke vir swart Suid-Afrikaners om hul teenkanting teen die apartheidsisteem bekend te maak (Bron 1D)
- SASO het wye geskilpunte geopper rakende die onderdrukking van swart Suid-Afrikaners (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse. **bv. toon geen of min begrip van hoe SASO swart Suid-Afrikaanse studente gedurende die 1970's beïnvloed het om die apartheid regime uit te daag.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan glad nie oor die onderwerp skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in groot mate verband met die onderwerp bv. **toon begrip van hoe SASO swart Suid-Afrikaanse studente gedurende die 1970's beïnvloed het om die apartheid regime uit te daag.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **Toon 'n deeglike begrip van hoe SASO swart Suid-Afrikaanse studente gedurende die 1970's beïnvloed het om die apartheid regime uit te daag.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL IN DIE BLOOTSTELLING VAN MENSEREGTE GRUWELDADE WAT GEDURENDE DIE APARTHEIDSERA GEPLEEG IS?**

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- Die WVK was 'n produk van die onderhandelingsproses wat ten doel gehad het om 300 jaar van kolonialisme en apartheid te beëindig (1 x 2) (2)

2.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Amnestie sal aan oortreders wie menseregteskendings gepleeg het toegestaan word (1 x 2) (2)

2.1.3 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 2A – V1]*

(a)

- 'n Geregtelike stelsel wat versoening aanmoedig gebaseer op die vertel van die waarheid en die openbaring van berou vir gruweldade wat gepleeg is
- 'n Geregtelike stelsel wat genesing /herstelling/versoening tussen die slagoffers en oortreders aanmoedig (2)
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2)

(b)

- Straf vir menseregteskendings wat tydens die apartheidsera gepleeg is
- 'n Geregtelike stelsel wat strewe na wraak en straf vir menseregteskendings
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- Om getuie te wees vir misdade verbonde aan menseregteskendings
- Om amnestie aan oortreders te verskaf vir misdade verbonde aan menseregteskendings, gruweldade, reparasies en rehabilitasie
- Om misdade wat verband hou met menseregteskendings, reparasies en rehabilitasie op te teken (enige 3 x 1) (3)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Die doel van die WVK was om die waarheid uit te vind
- Dullah Omar wou hê dat die waarheid gehoor moes word
- Dullah Omar wou hê dat die waarheid erken moes word sodat ware rekonsiliasie kon plaasvind
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- Hulle was deur die polisie doodgeskiet (1 x 2) (2)

2.2.2 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 2B – V2*]
- **Ooggetuie:** Skote is uit die huis gevuur
  **Die polisie:** Twee kinders is geskiet terwyl hulle met die skare geveg het
- **Ooggetuie:** Die polisie het 'n petrolbom gemaak en dit langs die liggaam van die kind geplaas
  **Die polisie**: Die kinders het probeer om die huis aan die brand te steek
- **Ooggetuie:** Die polisie het uit die huis gekom
  **Die polisie:** Die skare het die huis aangeval wat die polisie bewaak het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3

2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Die Nasionale Party (NP) (1 x 1) (1)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Staatsterrorisme
- Marteling
- Moordbendes
- Persone wat om politieke redes gehang is
- Verbannings
- Aangehoudenes wat vermoor was (enige 2 x 1) (2)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Dit was die Nasionale Party se laaste poging om die menseregte skendings wat hulle gepleeg het onder die dekmantel te vee
- Die Nasionale Party wou die blaam verskuif vir die regering se betrokkenheid in politieke misdade wat hulle gepleeg het
- Die Nasionale Party wou nie erkenning aanvaar vir die menseregteskendings wat hulle gepleeg het terwyl hulle aan bewind was nie
- Die Nasionale Party wou die waarheid verbloem oor die menseregteskendings wat deur hul apartheid regering gepleeg is
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Die NP moes luidkeels protesteer sodat dit nie moes lyk dat hulle die oortreders is nie – hulle wou die aandag van hulle aftrek
- Die NP het die beskuldigings verwerp wat teen hulle gemaak is
- Die Nasionale Party wou die blaam van hulle af wegskuif en nie verantwoordelikheid aanvaar vir menseregteskendings wat hulle gepleeg het nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bronne 2A en 2C – V3]*

- **Bron 2A**: Het die vertel van stories van menseregteskendings aangemoedig terwyl in
  **Bron 2C**: Die Nasionale Party probeer het om stories van menseregteskendings te verdoesel
- **Bron 2A:** Oortreders was aangemoedig om misdade wat hulle teen politieke aktiviste gepleeg het te erken terwyl in
  **Bron 2C:** NP probeer die misdade versteek wat hulle teen politieke aktiviste gepleeg het
- **Bron 2A:** WVK het die stories opgeteken wat by die verskillende verhore vertel was terwyl in
  **Bron 2C:** Die NP willens en wetens probeer het om bewyse van menseregteskendings wat hulle teen politieke aktiviste gepleeg het te versteek sodat dit van die WVK se rekords uitgesluit kon word
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5

2.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

- Sodat Suid-Afrika nooit weer die gruweldade herhaal wat in die verlede gepleeg is nie
- Om die spoke van die verlede te begrawe
- Om diegene te onthou wat gely het
- Om die waardigheid van slagoffers en agtergeblewenes te herstel
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 1) (2)

2.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Erken dat mense se lyding bygedra het tot die genesing van die bevolking
- Die genesingsproses moet alle rolspelers insluit om te sorg dat die bevolking genees
- Herstelling van menslike en burgerlike waardigheid sou bygedra het tot nasiebou
- Rekonsiliasie tussen die oortreder en die slagoffer sou die proses van nasiebou gehelp het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5.3 *[Vasstel van die bruikbaarheid van Bron 2D – V3]*

**BRUIKBAAR omdat:**

- Dit beklemtoon die bewyse dat die WVK proses van genesing volkome sal sal wees indien dit beide die slagoffer en die oortreder bereik
- Die WVK het daarin geslaag om die ondersteuners van apartheid te laat erken en te aanvaar dat 'apartheid verkeerd' was
- Dit het die ondersteuners van apartheid genees
- Slagoffers moes weet dat hul lyding en verlies deel was van die bevolking se genesingsproses
- Die WVK het daarin geslaag om die waardigheid van die slagoffers en agtergeblewenes gedurende die genesingsproses te herstel
- Die bron noem die politieke aktiviste wat doodgemaak is
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante Bronne – V3]*

Kandidate se antwoorde kan die volgende aspekte insluit:

**JA – SUKSEVOL**
- Herstellende eerder as vergeldende geregtigheid was gekies om rekonsiliasie teweeg te bring (Bron 2A)
- WVK het getuienis van misdade aangehoor verbonde aan menseregte skendings (Bron 2A)
- Die WVK het stories opgeteken van beide slagoffers en oortreders wat vertel was (Bron 2A)
- Oortreders het hul misdade wat hulle gepleeg het erken (Bron 2A)
- Die moord van die Bongolethu Drie beklemtoon die gruwelike menseregte-skendings wat die polisie gepleeg het (Bron 2B)
- Die regering het uit hul pad gegaan om te probeer om die gewelddadige misdade onder die dekmantel te vee wat deur sy agente gepleeg is (Bron 2B)
- Die NP was skuldig aan staatsterrorisme, moordbendes, politieke ophangings, marteling, verbannings, moord op aangehoudenes (Bron 2C)
- Die NP het probeer om gruwelike menseregteskendings wat gepleeg was verdoesel is (Bron 2C)
- Dit is belangrik om die gruweldade van die verlede te onthou sodat ons nie dieselfde foute in die toekoms maak nie (Bron 2D)
- Familie lede was in staat om die oortreders te ontmoet (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**OF**

**NEE – ONSUKSESVOL**
- Slegs in sommige gevalle het die WVK amnestie aan oortreders toegestaan (Bron 2A)
- Slegs menseregteskendingsis bekend gemaak (Bron 2C)
- Die WVK is bestempel as 'n 'hekse jag' wat probeer om antwoorde te kry (Bron 2C)
- Nie alle oortreders het na vore gekom nie (eie kennis)
- Nie alle stories is vertel nie (eie kennis)
- Nie alle slagoffers kon afsluiting van die WVK proses kry nie (eie kennis)
- Sleutelrolspelers het geweier om getuienis oor menseregteskendings wat deur die apartheidsregering gepleeg is te lewer (eie kennis)
- Menige slagoffers het nie antwoorde omtrent hul geliefdes gekry nie (eie kennis)
- Menige slagoffers se families weet nie hoe hulle gesterf het nie/vermoor was nie of waar hul oorskotte begrawe is nie (eie kennis)
- Die WVK was beperk deur die tydperk (1960 – 1994) (own knowledge)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse bv**. toon geen of min begrip om te verduidelik of die Waarheids-en-Versoeningskommissie suksesvol was in die blootstelling van menseregteskendings wat gedurende die apartheidsera gepleeg is.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan glad nie oor die onderwerp skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp bv. **toon begrip om te verduidelik of die Waarheids-en-Versoeningskommissie suksesvol was in die blootstelling van menseregteskendings wat gedurende die apartheidsera gepleeg is.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **toon 'n deeglike begrip of die WVK suksesvol was in die blootstelling van menseregteskendings wat gedurende die apartheidsera gepleeg is.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: HOE HET DIE OORHEERSING VAN WÊRELDKAPITALISME GEDURENDE DIE 1990's DIE LEWENS VAN GEWONE AFRIKANE BEÏNVLOED?**

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- Afrika se ekonomiese agteruitgang het gedurende die 1980's skerp gestyg

(1 x 2) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- Afrikaregerings was deur skuld vermink
- Afrikaregerings het hul ekonomiese bronne wanbestuur
- Afrikaregerings se belasting inkomste het in duie gestort (3 x 1) (3)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

- Afrika staatsamptenare het minder verdien en dit beïnvloed hul moraal
- Afrika staatsamptenare het minder verdien en dit beïnvloed hul eerlikheid
- Afrika staatsamptenare het minder verdien en dit beïnvloed hul doeltreffendheid
- Die koopkrag van staatsamptenare het in Tanzanië met 90% gedaal
- Duisende gekwalifiseerde Afrika staatsamptenare het bedank
- Duisende gekwalifiseerde Afrika staatsamptenare het hul onderskeie lande verlaat (uitvloei van kundigheid) vir beter werksgeleenthede
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- Senegal (1 x 1) (1)

3.2

3.2.1 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 3B - V1]*

- Strukturele aanpassingsprogramme was programme wat deur ontwikkelingslande aangeneem is omdat hulle ekonomiese bystand van die Wêreldbank en Internasionale Monetêre Fonds nodig gehad het
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*

- Strukturele aanpassingsprogramme gee aanleiding tot verarming van die werkende klas omdat die markte geliberaliseer is wat bygedra het tot hoër voedselpryse
- Strukturele aanpassingsprogramme gee aanleiding tot die verarming van die werkende klas omdat subsidies op verbruikersgoedere onttrek is
- Strukturele aanpassingsprogramme gee aanleiding tot die verarming van die werkende klas omdat die plaaslike geldeenhede gedevalueer is
- Strukturele aanpassingsprogramme gee aanleiding tot die verarming van die werkende klas omdat salarisbevriesing en afdankings dit vir hulle moeilik gemaak het om hul lewensstandaard te handhaaf
- Strukturele aanpassingsprogramme het aanleiding gegee tot die verarming van die werkende klas omdat die regering minder spandeer het op maatskaplike dienste wat bygedra het tot heffings op gesondheidsdienste en onderwys wat hulle nie kon bekostig nie

- Strukturele aanpassingsprogramme gee aanleiding tot die verarming van die werkende klas omdat heffings op maatskaplike dienste aanleiding gegee het tot die afname van die kwaliteit van hul leefstyl, swakker gesondheid, hoër sterftesyfers
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.3 *[Vasstel van die bruikbaarheid van Bron 3B – V3]*
**Kandidate moet aandui of die bron BRUIKBAAR of NIE BRUIKBAAR is en hul antwoord met bewyse staaf**

**BRUIKBAAR**
- Die bron wys die invloed van die IMF en Wêreldbank op Afrikalande
- Die informasie in die bron kom ooreen van dit wat in ander bronne geskryf word
- Die bron gee informasie oor hoe kritici voel oor die strukturele aanpassingsprogramme
- Enige ander relevante antwoord

**OF**

**NIE BRUIKBAAR**
- Die bron is die uitgangspunte van twee skrywers op SAPs en dit mag eensydig wees
- Die bron gee nie genoeg informasie oor die uitwerking van SAPs nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3 *[Vergelyking van informasie in Bronne 3A en 3B – V3]*
- Bron 3A wys die redes waarom Afrikalande strukturele aanpassings-enings van die Wêreldbank benodig het terwyl Bron 3B wys hoe die implementering van strukturele aanpassingsprogramme in Afrikastate nie die ekonomieë van die state verbeter het nie
- Bron 3A wys hoe Afrikastate strukturele aanpassingslenings van die Wêreldbank gekry het om hul ekonomieë te verbeter terwyl Bron 3B wys dat Afrikalande wie strukturele aanpassingslenings van die Wêreldbank gekry opdragte gegee was om hul ekonomieë te herstruktureer om dit in lyn met die voorgeskrewe beleide van die Wêreldbank te bring (2 x 2) (4)

3.4
3.4.1 *[Interpretasie van informasie uit Bron 3C – V2]*
- Die opskrif impliseer dat strukturele aanpassingsprogramme in ontwikkelingslande ingestel was
- Die opskrif impliseer dat die instelling van strukturele aanpassingsprogramme 'n negatiewe uitwerking op die ekonomiese welstand van die gewone burgers van Afrika gehad het
- Die opskrif impliseer dat die instelling van strukturele aanpassingsprogramme ekonomiese swaarkry vir gewone Afrika burgers tot gevolg gehad het
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.4.2 *[Interpretasie van informasie uit Bron 3C – V2]*
- Dit wys dat gewone Afrika burgers oor die algemeen goed gevoed was voor die instelling van die IMF verslankingsplan
- Dit wys dat gewone Afrika burgers voedsel in oorvloed gehad het voor die instelling van die IMF se verslankingsplan
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.4.3 *[Interpretasie van informasie uit Bron 3C – V2]*
- Afrikaregerings het begin om minder geld te spandeer op gesondheidsorg wat 'n las vir die gewone burger beteken het
- Afrikaregerings het begin om minder geld op voedselsubsidies te spandeer wat aanleiding gegee het verdere verarming
- Afrikaregerings het begin om minder geld te spandeer op die produksie van plaaslike produkte wat boerdery negatief beïnvloed het
- Gewone Afrikaburgers kon nie die gewone basiese goedere wat hulle nodig gehad wat hulle moes handhaaf (voed) bekostig nie en daarom was dit maklik om gewig te verloor
- Afrikamarkte was oop gemaak wat goedkoop invoere in die land toegelaat het wat die plaaslike produsente geaffekteer het.
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- Dit gee aanleiding tot verarming en uiteindelik die dood van Afrika burgers (1 x 2) (2)

3.5

3.5.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- UNICEF het strukturele aanpassingsprogramme as 'n mislukking beskou
- UNICEF het daarop gewys dat die meeste van die 26 lande geen kapitale groei getoon het nie
- UNICEF het daarop gewys dat die meeste van die 26 lande min belê het in maatskaplike besteding
- UNICEF het daarop gewys dat die meeste van die 26 lande nie enige industriële groei of uitvoer groei getoon het nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- Dit het aanleiding gegee tot verhoogde armoede in ontwikkelende lande
- Daar was ongelyke verdeling van inkomste tussen rykes en armes (2 x 1) (2)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese uit die relevante Bronne – V3]*

Kandidate se antwoorde kan die volgende aspekte insluit:

- Gedurende die 1980s en 1990s het Afrikalande aanpassing en hervormingsprogramme met verskeie voorwaardes aanvaar (Bron 3A)
- Afrikalande is beveel om hul ekonomieë te herstruktureer (oopmaak van hul markte, verkoop van alle regeringsondernemings, herwaardering van hul geldeenhede) (Bron 3B)
- Die herstrukturering maatreëls het aanleiding gegee tot ekonomiese swaarkry vir die armes (inkomste het gedaal, die stedelike armes het gely omdat ingevoerde verbruikersgoedere duur was) (Bron 3B)
- Afrika vervaardigers kon nie byhou met goedkoop ingevoerde goedere nie wat aanleiding gee tot bankrotskap (Bron 3B)
- Die onttrekking van subsidies het voedselpryse opgestoot (Dit het die lewensstandaard van die armes beïnvloed) (Bron 3B)
- Die implementering van IMF en Wêreldbank beleide het verdeling tussen rykes en armes veroorsaak (Bron 3C)
- Die implementering van strukturele aanpassingsprogramme het verminderde spandering op noodsaaklike items vir die armes beteken, regerings het begin om minder te spandeer op maatskaplike dienste. (Bron 3C)
- Die implementering van strukturele aanpassingsprogramme het beteken dat arm Afrikane minder toegang tot gesondheidsdienste, voedsel subsidies gehad het en plaaslike boere het swaargekry as gevolg van goedkoop invoere (Bron 3C)
- Strukturele aanpassingsprogramme het aanleiding gegee tot hongerte, hongersnood en dood (Bron 3C)
- Meeste van die 26 Afrikastate wat die programme geïmplementeer het volgens UNICEF 'n agteruitgang in die opeenhoping van kapitaal gewys en buitelandse direkte beleggings en industriële groei (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse bv. **toon geen of min begrip van hoe die oorheersing van wêreldkapitalisme gedurende die 1980's die lewens van gewone Afrikane beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan glad nie oor die onderwerp skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp bv. **toon begrip van hoe die oorheersing van wêreldkapitalisme gedurende die 1980's die lewens van gewone Afrikane beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe die oorheersing van wêreldkapitalisme gedurende die 1980's die lewens van gewone Afrikane beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE: 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet aandui of die stelling akkuraat is of nie. Hulle moet fokus op hoe PW Botha se regering streng hervormings maatreëls ingestel het en die weerstand wat progressiewe nie-rassistiese organisasies begin het wat aanleiding gegee het tot die val van die apartheidsisteem.

HOOFASPEKTE
Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem en aandui hoe gebeure in die 1980's ontvou het.

UITBREIDING
- Botha kondig die totale strategie en totale aanval beleid aan
- Botha se pogings om apartheid te hervorm deur die instelling van die Driekamer parlement in 1983
- Die stigting en reaksie van die UDF tot die Driekamerparlement stelsel
- Die eerste veldtog van die UDF was die *'Don't Vote' Veldtog* (Om Kleurlinge en Indiërs te ontmoedig om in die verkiesings vir die Driekamerparlement te stem; *'Million Signature' Veldtog*)
- Die versterking van die interne weerstand bv. gewelddadige protes in die Vaal Driehoek en elders in Suid-Afrika
- Die Vaal Civic Association het huurboikotte georganiseer (Die Vaal woonbuurte begin met rollende massa aksie; raadslede word vermoor; skole het met boikotte begin)
- PW Botha het opeenvolgende noodtoestande in 1985 en 1986 afgekondig om die teenkanting teen apartheid te stop maar dit was onsuksesvol.
- Die rol van vakbonde (Die stigting van COSATU was 'n keerpunt in die stryd vir vryheid en demokrasie; die African Food Canning Workers Union kondig die eerste nasionale staking aan)
- Hierdie stakings was gemik op die verbetering van werkers se werksomstandighede wat politieke regte ingesluit het
- Verbruikersboikotte het 'n belangrike rol gespeel in die stryd teen apartheid (Dit het die ekonomie affekteer; die verswakte ekonomie het 'n negatiewe uitwerking op blanke Suid-Afrikaners gehad)
- Die Onderwysstryd – Education Crisis Committee, COSAS en NUSAS begin die 'Education Charter Campaign, ens.
- Die rol van die End Conscription Veldtog (Blanke Suid-Afrikaanse mans het konskripsie tot die weermag weerstaan; Menige blanke Suid-Afrikaanse soldate het gevoel dat dit verkeerd was om opstande in die woonbuurte te onderdruk)
- Die rol van Black Sash (Hulle het Apartheid teengestaan, het humanitêre bystand aan slagoffers van Apartheid gegee)

- Die rol en invloed van die Massa Demokratiese Beweging (MDB) deur weerstand te bied teen PW Botha se regime
- Teen die einde van 1989 het die land onregeerbaar geword en die regering het begin om met die vryheidsbewegings te onderhandel
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante samevatting.

**[50]**

**Indien kandidate aandui dat die stelling nie akkuraat is nie, moet hulle hul argument ondersteun met relevante bewyse**

## VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruikte maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet die stelling krities bespreek en hul gedagterigting ondersteun met relevante bewyse. Hulle moet bespreek hoe die werklikhede van onderhandeling vir 'n nuwe toekoms vir Suid-Afrika in erns begin het na die vrylating van Nelson Mandela in 1990 uit die tronk.

HOOFASPEKTE
Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet die stelling krities bespreek en aandui hoe moeilik die onderhandelingsproses was wat in Suid-Afrika tussen 1990 tot 1994 geskied het.

UITBREIDING
- De Klerk kom aan bewind in 1989 – kort agtergrond
- De Klerk se toespraak in die parlement – 2 Februarie 1990
- Die ontbanning van politieke en burgerlike organisasies soos die ANC en SAKP
- Die verwydering van beperkings op COSATU en AZAPO
- De Klerk se besluit om vir Mandela uit die tronk vry te laat op 11 Februarie 1990 wat die weg gebaan het vir onderhandeling
- Groote Schuur Minuut – 2 Mei 1990 (ANC en NP ontmoet, ANC afvaardiging onder leiding van Nelson Mandela, NP afvaardiging onder leiding van FW De Klerk).
- Apartheidswette opgehef soos die Reservering van die Wet op Aparte Geriewe
- Pretoria Minuut – 6 Augustus 1990 (ANC stem in om die wapenstryd op te hef)
- KODESA 1 (19 politieke partye uitsluitend AZAPO, KP en PAC/300 afgevaardigdes)
- Geweld begin in sommige dele van die land soos die Rand en Natal
- Slegs blanke referendum en sy invloed (Maart 1992)
- KODESA 2 (2 Mei 1992) stort in duie. Partye kon nie saamstem oor 'n nuwe grondwetlike liggaam en tussentydse grondwet nie
- NP wou minderheidsveto hê terwyl die ANC 'n tussentydse regering vir nie langer as 18 maande wou hê en 'n gewone meerderheidsregering
- Boipatong massaslagting en sy gevolge (17 Junie 1992)
- Bisho massamoorde het die onderhandelingsproses van die baan gestuur (7 September 1992)
- Rekord van Verstandhouding geteken op 26 September 1992 tussen Roelf Meyer (NP) en Cyril Ramaphosa (ANC)
- Sluipmoord op Chris Hani (10 April 1993) en die uitwerking op Suid-Afrika
- Veelparty onderhandelings Forum
- Ver-regse beweging (AWB) val die Wêreld handelsentrum aan en sy uitwerking
- Sonsondergangsklousule voorgestel deur Joe Slovo het onderhandelings dooiepunt gebreek
- Verkiesingsdatum – 27 April 1994 word aangekondig
- ANC wen die verkiesing en Mandela word die eerste swart President van Suid-Afrika
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante samevatting. **[50]**

**VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruikte maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik tot watter mate die ineenstorting van die Sowjetunie in 1989 bygedra het tot belangrike politieke vernaderings in Suid-Afrika. Deur 'n gedagte rigting te volg moet kandidate wys hoe die val van die Sowjetunie verandering in Suid-Afrika verhaas het.

HOOFASPEKTE
Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet verduidelik tot watter mate die ineenstorting van die Sowjetunie bygedra tot politieke verandering in Suid-Afrika

UITBREIDING

- Suid-Afrika het geïsoleer geraak
- Gorbachev se beleid van Perestroika en Glasnost en sy invloed op Suid-Afrika
- Teen die einde 1989 was die Sowjetunie besig om te disintegreer en die kommunistiese regimes in Oos Europa was besig om ineen te stort
- Die Berlynse Muur het geval en dit gee aanleiding tot verreikende gevolge vir Suid-Afrika
- Veranderinge in die wêreld lewer 'n bydrae tot die einde van apartheid
- Die ineenstorting van die USSR het die ANC van sy hoof ekonomiese en militêre ondersteuners beroof
- Sosialisme was nie meer 'n ernstige opsie vir die ANC nie
- Die Nasionale Party se aanspraak dat dit Suid-Afrika beskerm teen 'n kommunistiese aanslag het onrealisties geword
- Onttrekking van steun van Brittanje; VSA en die Weste en die uitwerking op Suid-Afrika
- Instelling van sanksies/boikotte deur die Westerse moondhede op Suid-Afrika
- Westerse wêreld moondhede het die idee ondersteun dat Suid-Afrika sy probleme vreedsaam en demokraties oplos
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party regering nie blanke heerskappy onbepaald kon handhaaf nie
- Invloedryke Nasionale Party lede het begin besef dat apartheid nie die antwoord vir vereistes van blanke kapitalisties ontwikkeling was nie
- Daar was geen twyfel dat die voordurende onderdrukking van swart Suid-Afrikaners nie politieke stabiliteit sal handhaaf nie
- Die regering het begin glo dat hervorming die onwikkeling van 'n sterk swart middel klas moet insluit wat as 'n 'verskansing teen rewolusie' sal dien.
- De Klerk het begin aanvaar dat swart Suid-Afrikaners se stryd teen apartheid nie 'n sameswering was onder leiding van Moskou nie
- Dit het De Klerk in staat gestel om met progressiewe bevrydingsorganisasies samesprekings te begin.
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk ''n nuwe en regverdige grondwetlike bedeling' aangekondig wat die einde van apartheid aangedui het
- Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante samevatting.

**TOTAAL: [50]**
**150**

Kopiereg voorbehou